

## TOULEIER – Steeds op reis na Daegu, verder as fort Wajier

**S**o in die ry op pad Daegu toe, gesels ek en kamermaatjie land en sand oor hoe maklik en veilig dit is om met die bus te ry. Ons besluit daar en dan ons kan mos sommer op hierdie manier by die lughawe uitkom in ons beplande trippie Sjina toe. Siende dan Beijing sommer n klipgooi vanaf albei Koreas is, weet ons ons moet net eenvoudig van hierdie geleentheid gebruik maak, veral om by die groot muur uit te kom. Ons sal heel waarsynlik nooit weer so naby werk nie. Ek self was nog nooit te gretig om in oorbevolkte lande soos Indie en Sjina voet aan wal te sit nie.

Sedert my studente dae toe Tassies mens uiters slim en spraaksaam gemaak het, onthou ek nog duidelik hoe 'n matiematjie my vertel het dat as jy die Sjinese skouer teen skouer sou laat inloop in hul eie oseaan, dat die verdinkerry nooit so ophou nie. Hulle getalle en bevolkingsaanwas, sou sorg dat daar altyd genoegsaam mense sou wees om aan te hou inloop. Nou ja, dis soos om vir my te vra verbeel jou hoe lyk n skare van een miljoen mense bymekaar.

Oukei oukei, dis seker maar net so veertig of vyftig Nuwelande langs mekaar. Ek kry dit net net reg om so iets te visualiseer.

Kamermaatjie aan die anderkant, vrek weer oor juis daai twee lande. Hoe meer hoe beter. Sy, wat uitslaan van die sweet as jy net engtevrees moet voor haar noem! Maar wie is ons mans nou om sin te maak uit daai nasie wat agteruit loop op die dansvloer. Dan laat hulle jou nog glo jy is in beheer ook. So praat ek dus maar rustig saam terwyl die een na die ander budda op die bult verby ons glip op pad an Deagu toe. Ons oefenlopie na Sjina.

Daar aangekom neem 'n huurmotor na ons hotel. Hy vat ons aspris deur die besigste gedeeltes van die stad. Ons twee gee glad nie om nie. Mens betaal deur jou nek om dieselfde stadstoer more met n toerleier te doen. Sorg net dat jy 'n bestuurder kry wat darem effe Engels kan praat.

Weereens kan mens die vergelyking tref tussen baie sulke lande en Duskantland. Soos in Taiwan, is daar skaars plek om te loop op die sypaadjies. Informele handel is aan die orde van die dag. Van sinkplate tot lewende hawe. Omtrent al wat n slaaiblaar is wat jy jou kan voorstel. Darem nie so baie torretjies slange of akkedisse nie. Wel van tyres to toufoe.

So kom ons by die hotel aan al lekker uitgehonger vir vanaand se groot sushi etery.

Onthou, Japan lê net onder Suid Korea. Die twee lande raak amper aan mekaar en hulle se tradisies en gewoontes loop op baie maniere saam en meng geredelik die een met die ander. Soos ons Japanese woonsteleienaar en haar Koreaanse man. So is daar ook om elke hoek en draai n ordentlike Japanese restuarant. Niks kon ons egter voorberei vir die soort sushi van daardie aand nie....

Volgende maand meer hieroor.





**B**icycle ry, ja, jy moet bicycle ry.  
Bicycle ry dat jy kan mooi boude kry..."

So sing Anton Goosen lustig terwyl hy "loer hoe die Antie sterre roer" en hy die papsak sorgvuldig tussen ons verdeel met " 'n klein bietjie wyn vir my en ook vir jou."



se

Ek hoor weer nou die dag die liedjie van Anton se uitstekende 1986 "Liedjieboer in die stad" album. Vir 'n vlietende oomblik is ek weer terug in 1986. Ou bekende liedjies doen mos daardie "onthou-jy-nog-ding" aan 'n mens.

Ons het in daardie jare by SAUK TV1 net begin met die vervaardiging van 'n nuwe Afrikaanse musiekreeks, "Teletreffers." Ek onthou nog goed hoe daar destyds wenkbroue gelig is en grootoë gemaak is toe ons 'n musiekvideo van hierdie spesifieke liedjie wou maak.

"Is dit nie dalk 'n bietjie rof om met 'n wyndrinkery so op loop te gaan nie?" het dit van diekant gekom. "Wat nog te sê van 'n gekyk na die Antie se sterre?" het dit van daaikant gekom. "En boonop, die bicycle ryery met die uitsluitlike doel om mooi boude te kry!" het dit weer van duskant af gekom. "En julle wil 'n video maak om wát nogal te wys?"

Ek wil my amper verbeel dat ons toe uiteindelik 'n video van "Silwer de Lange", wat ook 'n treffersnit vanaf dieselfde album was, gemaak het. As ek nou daaraan terugdink dan was dit seker so hittete of Sonja se Harlekyn was ook sy rooiwyn "vir sy lag en traan en pyn" kwyd !

Maar ek gaan haal my eintlike storie seker nou te vêr. Dit was ander dae met ander dinge destyds. Toe was toe en nou is nou.

Dit is veral die "bicycle ry" gedeelte in Anton se liedjie waarmee ek my deesdae kan vereenselwig.

Hoe kan jy dan nou in die Langebaan omgewing bly en nie "bicycle ry" nie? Daar is die pragtigste fietsroetes hier teen die kus af, in die sogenaamde "Country Estate" en natuurlik in die Weskus Nasionale Park.

Nou ek het seker op laerskool laas op 'n fiets geklim, toe daar nog nie fietse met ratte was nie.

Ek onthou hoe 'n vreeslike affêre dit was toe Pietertjie Koegelenberg die dag met 'n "three speed" dikwielfiets sy opwagting gemaak het en die stof uit Kleinsee se hoofstraat getrap het.

Ons ander, gewone ratlose fiets-gepeupel, kon hom maar net oopmond aangaap met 'n mengsel van bewondering, begeerte en jaloesie.

Kosie Louw het op Hoërskool in Kaapstad 'n sesrat reisesfiets gehad. Ses ratte! "Die tegnologie ontwikkel darem nou teen 'n verbysterende pas" sou die ratlose fietsryers van Kleinsee opgemerk het.



My pa het op 'n stadium destyds so 'n petrol 'enginetjie' wat jou fiets se agterwiel aandryf in die hande gekry en daardie fiets kon kringe om Pietertjie Koegelenberg se "three speed" ry. Maar dan moet ek bysê; dis nou die kere wat die ding wel al proesend en stotterend geloop het. Sulke tye het die hele dorp se kinders al juigende agter hom aangehol. Mens sou sweer Pa was 'n wafferse 'Pied Piper of Hamelin.' Maar eintlik het Pa meer aan die ding gewerfskaf en gesukkel om hom aan die gang te probeer kry, as wat hy hom gery het.

En so besluit ons om fietse vir Langebaan aan te skaf. Nie soseer om "mooi boude" te probeer kry nie, maar meer om die al-hoe-gesonder-wordende midderif aan te spreek en in bedwang te probeer hou. Opsigself 'n bykans onbegonne taak. Verder is die fietse daar om die pragtige omgewing van die Weskus ten volle te verken en te geniet.

Maar dan nie sommer so 'n fiets nie! Nege ratte my vriend! Ja, reg gehoor: Nege ratte! "But wait..." soos hulle altyd in die Verimark advertensies sê; "there's more..." Ons kry vir ons E-bikes! Behalwe vir die 9 ratte het hierdie trapfiets ook 'n elektriese motor op die agterwiel.

Hierdie E-bike storie, veral nou op 70 jarige leeftyd, is 'n help-my-trap van formaat. As 'n steilerige opdraend hom voordoen druk jy net 'n knoppie en daar skop die elektriese motor in en jy trap fluit-fluit die bult uit.

Ek wonder darem wat Pietertjie Koegelenberg met sy "three speed" sou gesê het as ek destyds my E-bike daar langs hom in Kleinsee se stofstraat kon getrek het?

Nou ry ons fiets. 20 kilometer elke dag. En is dít is nou vir jou 'n féés! Ja glo my, jou lyf voel maar strammerig die volgende more. Jou rumatiekerige hande weet nogal van die ongewone en soms benoude vasklou aan die handvatsels, veral met die afdraend of draai-moet-vat slag. Die knieë kan voel hulle het soos suiers in 'n silinder gepomp. Maar die boude is die eintlike ding. En dis waar Anton Goosen se liedjie raakvat.

Laat ek jou nou vertel. 'n Fiets se saal is spesifiek ontwerp om jou boude by te kom. En daardie kneus is 'n ander kneus. Hy affekteer jou sit, jou staan, jou stap en jou lê. En jy kan niks daaraan doen nie. Hulle sê jy raak gewoon aan die saal en dan gaan dit glo beter. Ek sal maar sien vorentoe. Maar as ek deesdae iemand net effe snaaks sien loop, dan is my eerste gedagte; Hy ry fiets.



"Bicycle ry, ja, jy moet bicycle ry  
Bicycle ry dat jy kan mooi boude kry..."

Dalk moes Anton die woordjie "mooi" met "kneus" vervang het? Dit sing net so lekker...

# Die Lewe Vandag

Liewe Pa

Ek hoop dinge gaan beter daar bo in die hemel want hier onder gaan dit deesdae maar baie snaaks. Vreemd, Pa. Pa sal nie daarvan hou nie. Sondae tien uur soggens is daar meer mense in die apteek, so groot soos die groentemark in die Kaap, as wat in die kerk is. Dis katedraal Dischem en dit lyk Joods, prys Duits maar dit praat Afrikaans. Dit kort ook nog net 'n orkes, want elke kerk het ook nou een. Ek het darem net gaan kyk want die skeergoed en troesou was op spessel en Pa se kleindogter Chándrèllèré trou alweer, hierdie keer met 'n Sjinees wat hase teel vir paais.

Ons het verder nou meer gastehuse as gaste, meer popsangers as plate, meer ministers as antwoorde en karre is visblikkies met ruimtetuigbreine, Pa wil dit nie sien nie. Te koddig vir woorde.

'n Tenk petrol kos nou wat 'n troue plus 'n trekker 'n boer sou kos op Pa se dag, meisiekinders kry koors van koring, melk is ongesond, jong mans het baarde sonder knaters, vrouens wil jou verkla as jy haar te beleefd behandel of as dame aanspreek en predikante wandel nou in sandale tussen kerkgangers wat in kortbroek en atletiekhempie in die kerk bly sit tydens gebed.



Pa sal dit nie glo nie.

Vrouens dra slenterbroeke sonder hoede kerk toe. Net die Bruinmense het nog in kleredrag styl en respek vir die kerk. Ma sal van voor af hartkloppings kry en almal sal dink sy hou van die dominee se popliedjie. Maar die predikant se vrou is deesdae 'n man, sy aangenome dogter is Xhosa, hy slaan sommer oor in Engels of banjo en sy hemp is vol blomme. Geen man dra meer 'n das nie en selfs op begrafnisse blink geen skoene meer nie want ons bid nou in hardloopskoene. As Pa ons koerante daar kry sal Pa die redes verstaan.



Daar is darem nog kerkbasaars maar niemand ken mekaar nie, die pannekoek is dik genoeg vir perdekombers en die tombola het nou 'n kursus in ontkenning as eerste prys.

Blomkool is nou die hoofgereg aan Sondagtafel, skottelgebraai in twee minute met flenters gansgroente, dis nou vegaans. So iets. Mens gooi sade en boonsous by en bid in vibrasies. As jy boonop 'n kristal vashou word moesies pienk en jy sout hoeka als met pienk stof uit die Hilamajas, dis organiese Aromat. Mens weet nie meer nie en as jy vra lag almal.





En ons kuier ook nie meer nie, want familie is nou so ver en vreemd met name wat klink soos parfuumsorte maar dis oral katoolse kinders in grootmensskoene wat bleek te kere gaan soos narre vol pille. Elkeen met 'n oorfoon en 'n iepiekonner. Verder staar hulle na fone. Pa moet dit sien om dit te glo.

En Pa wil nie weet wie deesdae broekdra in die huise nie. Nee. Bangbroeke met houding, dis moeilik om te verduidelik. 'n Tatoe is nou 'n rang en die een wat die minste weet het die eerste en die laaste sê. Oor als.

Wel, skoolmeisies kry babas op twaalf en kry matriek op 23. Dit als met vakke wat elke jaar verander en tien maal van voor af uitgedink word deur mense vir wie Pa nie in die stoor met 'n baal strooi sou vertrou nie.

Om hare te skeer moet jy deesdae drie weke vooraf bespreek, jou vakansiegeld als trek, en dan eers gaan agteroor lê sodat hulle jou kop kan bad, jou hare met kamme uit jou kopvel skeur, jou wange klap en jou bly uitvra oor jou verlede en jou voorvel. As jy uitloop het jy 'n ander geloof, voorkoms en vriendekring, dit als vir die prys van 'n tweedehandse bakkie in die dae toe Pa nog self mark toe gery het.



Ewenwel, ons gaan maar aan. O ja, ek wou nog sê, matriek skryf jy nou sommer by die huis en die Ma maak die vakke op en 'n ou kombuisvrou met 'n Porché stel die vraestel saam en merk die antwoorde in 'n ander taal as joune. Dis nou beter so. Soldate kan nie marsjeer nie, links is Engels, regs Afrikaans en vorentoe is Sjinees. Dis te vreemd om te aanskou.



Die generaals sal Pa nie een van aanstel om gras te sny nie, nee, hulle sal als verbrou, eerder dagga verbou, die plaas onder jou gat uit verkoop en met die beste huis toe vlug ver anderkant die grensdrade wat almal lankal platgetrap lê. Dis vooruitgang en beterder vir die olifante.

Pa moet maar lekker boer daar bo, ek glo die reën val altyd betyds daar en dat die engele en ander singende vrouens darem soms kan stil raak sodat 'n man kan dink. Oor als.


Groete  
Kleinjan

**Nou die dag koop ek toe ook 'n toilet borsel...**

**Lang storie kort, ek is terug op papier**



# Giggels





# BRIEWE BUS



Beste Hennie,

Ek geniet Kammanuus vreeslik.

Goos Oubaas sou sê: "Uit die boonste gestoettes!"

Die suiwer taal wat uit die penne van die skrywers kom maak my hart sommer warm.



So sit ek Maandagoggend, met al die wasgoed gewas en administratiewe werk op datum (baie raar vir my en boonop 'n onderwyser) besluit ek om bietjie op te vang met die lees van dié krantjie.

Nou sal jy vra waarom 'n Maandagoggend? Die burgers van ons land dans in die strate oor diensverskaffing. Die skool is toe en ons het voortydig 'n langnaweek gekry sommerso in die middel van die week.

Die storie wat ek wil vertel is nie my eie nie, maar wel die van 'n kollega. Ons woon almal saam in die koshuis en om so bo-op mekaar te bly doen een van twee dinge: mens word goeie vriende of jy vermy jou buurvrou aangesien jy haar elk geval by die skool MOET sien.

Vir my en Lena is die eerste waar. Ons geniet mekaar se geselskap en sien net genoeg van mekaar om nie keelvol te raak nie. Lena het altyd die een of ander storie te vertel en ek hang behoerlik aan haar lippe.

Groetnis Yulandi

## HORMOON HANDLEIDING

Oorlewings voorskrifte vir mans: Hoe vra 'n man 'n vrou 'n vraag.

GEVAARLIK	VEILIGER	VEILIGTSTE	SUPER VEILIG
Wat eet ons vanaand?	Kan ek help met aandete?	Waar wil jy gaan uiteet?	Hierso, neem 'n glasier wyn
Gaan jy dit aantrek?	Jy jyk nogal oulik in bruin	WOW! Kyk net vir jou!	Hierso, neem 'n glasier wyn
waarvoor is jou so opgewerk?	Ooreageer ons nie dalk nie?	Hier is my salarustjek	Hierso, neem 'n glasier wyn
Mag jy dit eet?	Gewet daar is nog appels oor?	Wil jy n tjokkie saam met dit hê?	Hierso, neem 'n glasier wyn
Wat doen jy heeldag?	Ek hoop nie jy het dit oordoer vandag nie!	Mal oor jou in daardie jurk	Hierso, neem 'n glasier wyn

# Die Fopspeen Maraton

**Soos deur Lena aan Yulandi oor die wasgoeddraad vertel  
(Sien haar briefie hier bo)**

So, per braai geleentheid, wat ons hopeloos te min doen, vertel my vriendin Lena van haar seun Janneman. 'n vreeslike geleerde man wat in die Onderwêreld (Australië) woon. Janneman is sagsinnig en het lank gevat om vrou te vat.



So kom Janneman een jaar huis toe en verklaar dat hy eensaam is en dat dit tyd is vir hom om die die strop om die nek te kry. Ma Lena is nie links nie en verduidelik dat 'n ou skoolvriendin onlangs teruggetrek het dorp toe en dié se skone dogter is ook half op die rak.

So gesê so gedaan. Ma Lena reël 'n braai. Janneman is in sy skik, want hy onthou vir Sonja, 'n skone kind wat saam hom op skool was. Janneman kuier vir die volgende week te heerlik saam met Sonja, maar die man moet weer terug Onderwêreld toe.

Janneman, 'n man van woord en daad, sit toe die vryery voort met Skype en enige ander tegnologiese wonder waaraan hy kan dink. Ma Lena het te vertel dat Janneman spesiale verlof ingesit het, skaars ses maande later, om sy bruid te kom haal. Sommerso stil-stil is die twee getroud.

Janneman en Sonja vertrek en woon gelukkig saam in Australië.

Die ding wat jy moet weet van Sonja is dat sy 'n baie presiese mens is en om 'n besluit te maak is 'n hele proses vir die kind. Australië is blykbaar die land van melk en heuning vir haar. Daar is hierdie reël dat sou jy nie gelukkig wees met iets wat jy gekoop het nie kan jy dit gaan omruil al het jy dit gebruik.

Om 'n voorbeeld te gee van Sonja-kind se besluiteloosheid: Sy het eenmaal 'n denimbroek gekoop nadat sy drie, vier keer iets anders aangepas het. Na vele probeerslae het sy op die eerste denimbroek besluit, huis toe gegaan en die volgende dag die broek aangetrek werk toe. Daardie middag het sy ewe die broek netjies opgevou en terug gegaan winkels toe en die broek omgeruil omdat dit nou kwansuis nie regsit soos toe sy dit aangepas het nie. Onder my familie en vrinne noem ons dit sommer OCD.



Ek weet glad nie hoe Janneman hiermee deel nie. Volgens ma Lena vind hy dit glad nie problematies nie. Hy is voorwaar 'n man met Job se geduld. Selfs ek sou kiewelrig begin raak het en ek is 'n vrou!

Janneman het sy kant gebring en hul eersteling is gebore. Ma Lena spaar al lankal om vir Janneman te gaan kuier en hierdie was nou die ideale geleentheid. So bestyg hulle die vliegtuig om die nuutste toevoeging tot die familie te ontmoet. By gesê dat die kleinkind darem nou al so 18 maande oud was.



Janneman en Sonja is die perfekte toergidse en Ma Lena en Pa Dawid word orals heen geneem om soveel moontlik van die land te sien voor Januarie aanbreek. Een van hierdie uitstappies het 'n besoek aan 'n museum of iets behels. Die probleem was dat hulle 'n stewige steilte moes uitklim om daar te kom. Ma Lena het op haar dag Kilimanjaro uitgeklim, 'n steilte sou haar nie stuit nie en so is almal die steilte op met Baba-kind in die stootwaentjie.

Als het goed verloop totdat hulle teruggekrom het by die motor. Baba-kind het vreeslik begin huil oor 'n fopspeen wat tussen neus en ore verdwyn het. Eers het Sonja getroos toe het Janneman getroos. Ma Lena het vermoed dat hulle die fopspeen bo-op die bult verloor het. Sy is 'n 'doen' mens. Sy jaag die manne vinnig aan om die bult weer aan te durf. Pa Dawid en Janneman sou terugstap en die paadjie fynkam vir die fopspeen en sy en Sonja sou Baba-kind se aandag aflei.



Die manne is uit met die bult en het soos 'n wafferse Sherlock Holmes spoorgesny. Helaas, kon hulle geen fopspeen vind nie. Terwyl die manne in die hitte van die dag staan en hyg na hul asem besluit Ma Lena dat sy genoeg gehad het van die gegil en geskree en sê dat hulle so gou moontlik 'n ander fopspeen moet gaan koop. Sonja het gewaarsku dat Baba-kind nie sommer enige fopspeen kan gebruik nie.

Janneman baie bewus van sy ouers se ongemak het direk na die regte apteek gery waar hy weet sy vrou die REGTE soort fopspeen sou kry. Janneman het wyslik sy vrou gevolg, seker in die hoop om haar te oortuig dat koop en loop nou van pas sou wees. Ma Lena herroep die denimbreek episode en begin bid.

'n Halfuur later daag Sonja triomfantlik op met die REGTE fopspeen. Almal slaak 'n sug van verligting. In stede daarvan om die fopspeen vir Baba-kind te gee maak Sonja doodluiters die doeksak oop, haal 'n fopspeen uit en sit die nuut gekoopte een in die sak. Ma Lena se mond hang oop. Al waaraan sy kan dink is die ure van marteling wat so pas verby is. Sy kyk op en vang haar seun se oë in die truspieëltjie. Janneman skud net sy kop liggies en maak groot oë vir sy ma.



Ma Lena kyk vir Pa Dawid. Die arme man sit en hyg soos 'n vis op droë grond. Die stilte in die kar kon met 'n broodmes gesny word en elke keer as Ma Lena, Janneman se oog vang het hy sy kop liggies geskud.

Daardie aand vra Ma Lena vir Janneman om presies te verduidelik wat gebeur het. Haar logiese verstand kon net nie die kloutjie by die oorsit nie. Sy antwoord... "Sy kan nie sonder 'n spare dummy nie! Daar moet ALTYD 'n spare dummy wees."

Nodeloos om te sê dat ek eers geskok was en toe gelê het soos ek lag. Ma Lena het nie gedink ek is snaaks nie, maar haar storie was.

Groetnis

Yulandi

(Die name van die mense is verander vir my beskerming)

## Die Groot Vliegavontuur no. 2

Die laaste dag van Julie, 2009. Ek is op Melbourne se lughawe en wag vir my vlug na São Paulo (Brasilië). Dis 5:30 vm en koud. My tas is in die sisteem in, geweeg, met etiket voorsien en alles. O, ja, en met 'n stewige slot gesluit, ook. Ek is reg vir nog 'n avontuur in die lug!

In Sydney moet ek deur doeane en die hele gedoente gaan voordat ek die vliegtuig bestyg vir die Qantas vlug verder.

Ons eerste stop was in Auckland. Nog kouer! Ons vertoef net lank genoeg vir die oorklim van die Qantas vliegtuig na een van LAN (deesdae LATAM), die Chileense lugredery, se vliegtuie wat my eers na Santiago en dan na São Paulo sou neem. En nie lank genoeg vir die dametjie wat die aankondigings doen se skeermeslemmetjies en dik Kiwi aksent om my permanent skade aan te rig nie.

Opstyg en vlieg gaan voor die wind ('n mens kan seker nie 'klopdisselboom' vir 'n vlug gebruik nie!) en na so elf uur se vlieg oor die Stille Oseaan, begin ons daal om in Santiago te land. Die uur of wat se wag bring ek deels in die vertreksaal en deels in die rookkamer deur (het toe nog dampies gemaak). Om my suig die Chilene maté tee uit die tipiese houers en klets lustig in Spaans. Ek snap so hier en daar 'n woord, danksy my *bocadinho de português*. Almal is baie vriendelik; dis gaaf om weer in 'n plek te wees waar vreemdelinge mekaar groet of net toeglimlag. Voor my lê nog so drie en 'n half uur se vlieg São Paulo toe.

Net na tien op 'n klam, koel nag land ons op Guarulhos-lughawe. Die plek is soos 'n miernes, mense oral. Seker nie vreemd nie, want in daardie stadium was die São Paulo metropool se bevolking 'n raps kleiner as dié van die hele Australië! Ek wag vir my tas om op die rolband te verskyn. En wag. En wag...

Later is al my mede-passasiere vort met hul tasse. Gmpf! Een van dáái dae, nè? Ek gaan meld aan by die loket vir verlore bagasie. Die dametjie is vreeslik vriendelik en bel Auckland. Nee, sê Kiwiland, daai tas is nie hier nie. Sy bel Sydney. Ons wag en wag en wag, en uiteindelik kom die nors kêrel wat geantwoord het terug. Ja, die tas is daar. Die meisie en ek deel 'n "nou wat de m\$#@r maak die tas daar?" blik. Wanneer stuur hulle die tas aan? vra sy. Eerste moontlike vlug. Gaaf. Sy aarsel en verras my deur te vra dat hy 'n foto van die tas na haar moet e-pos. Hy brom en mor en sug, maar gaan neem die foto. Sy skryf my e-posadres neer, en die telefoonnommer en straatadres van die vriendin by wie ek gaan kuier.



Beloof sy sal hemel en aarde versit om die tas so gou moontlik by my te kry. Ek soen haar amper van die dankbaarheid, en gaan soek 'n taxi.

Guarulhos is skerp as dit by taxis kom. Jy vra by 'n toonbank vir een, sê waarheen jy moet gaan en hulle kry vir jou 'n taxi, waarvoor jy daar betaal, nie die taxiryer nie. Dit skakel die uitbuitery van toeriste deur taxiryers uit. \$50 Amerikaans! Genade! Maar die rit is g'n om die draai ding nie. Nee, dis amper 22km van die lughawe na Rua Atalaia Velha in 'n ou suidoostelike buurt van die stad.



Twee dae later bel die einste dametjie my van Guarulhos af. My tas is daar, en sy stuur dit met een van die lughawe se drywers na my adres toe. En sy stuur ook die foto wat die mannetjie in Sydney geneem het, per e-pos aan.

## Ek's die ene bewerasie terwyl ek dit oopmaak...

Ek bekyk die foto: geen teken van die slot nie, en die rooi-en-wit seilband wat ek om die tas gehad het, is ook weg. Ek vermoed 'n knoeiery...

'n Uur of wat later daag die tas by my op. Ek's die ene bewerasie terwyl ek dit oopmaak. Wat is weg? Drie items: 'n tweedehandse selfoon wat ek my vriendin belowe het, my University of Alabama hoedie wat ek as geskenk uit Amerika ontvang het, en twee bottels rooiwyn.

Dis die eerste, en laaste, keer dat goed uit my tas op 'n lughawe gesteel is. Knap gedaan, Sydney, julle het selfs OT Internasionaal oortref!




Maar my drie maande kuier in die wonderlike São Paulo het 'n honderd maal vergoed vir die kleptomanie van 'n Aussie bagasiehanteerder.



# KAMMAWÊRELD No 9

## Die Bloudruk – 'n Plan kom Bymekaar

deur Maryna Blomerus



Ons het gesien dat daar ooreenkomste bestaan tussen die instruksies vervat in die 'handleiding van die lewe' – DNS – en ons eie menslike rekenaarsagteware. Anders as in die fliek waar gevange mense in kapsule slaap en 'n droom genaamd *The Matrix* deel, impliseer die kodering van ons DNS dat ons liggame deel is van die simulاسie.

Genetiese inligting in ons DNS word alom gelykgestel aan die genetiese program. Maar so beskou, ken ons eienskappe aan DNS toe wat dit nie werklik besit nie. Hoe groei plante van sade? Hoe ontwikkel embrio's van bevrugte eiers? Ons weet wat DNS doen: dit kodeer vir die volgorde van aminosure wat proteïene vorm. Daar is egter 'n groot verskil in die struktuur van 'n proteïen – 'n bousteen van die organisme – en die bloudruk van die hele organisme. DNS kodeer net vir die materiaal waarvan die liggaam gemaak is; daar is geen bewys dat dit ook vir die plan, die vorm en die morfologie van die liggaam kodeer nie. **Die vorm van alle organismes word bepaal deur 'n vorm van resonansie..**

Dink aan jou arms en bene – in vorm verskil hulle, en tog is die chemikalieë in arms en bene identies. Die spierselle, die senuweeselle, die vetselle... alles is dieselfde. Die DNS is dieselfde in al die selle van die arms en bene. Trouens, die DNS is identies in al die selle van die liggaam. DNS alleen kan dus nie die verskil in vorm verduidelik nie.

Rupert Sheldrake bied 'n alternatief op die meganiese benadering met sy hipotese van morfogenetiese velde. Dit veronderstel die bestaan van 'n geheueveld wat hy die 'morfiese veld' noem. Die vorm van alle organismes word bepaal deur 'n vorm van resonansie tussen die DNS-getranskribeerde proteïene in organismes en hierdie morfiese veld. Hierdie veld is objektiewe, outonome entiteite en nie bloot metafore nie. Hulle is soos elektromagnetiese velde, onsigbaar maar met 'n invloed op materie.

In hierdie model word groeiende organismes gevorm deur velde, in en om hulle, wat die vorm van die organisme bevat. Wanneer die akker ontkiem, skakel dit in op die eikeboomveld, 'n eikeboom-patroonplaat waarbinne die organisme groei.

**V**ir die mens is daar velde vir arms, bene, lewers en niere en een vir die hele liggaam. Binne die Elke spesie het sy eie veld, en binne elke organisme is daar velde binne velde hiërgiesse velde vir die verskillende organe is daar velde vir die verskillende orgaanweefsels, vir die selle, vir die sub-sellulêre strukture, vir molekules, ensovoorts.

Sheldrake se hipotese sê dat hierdie velde 'n ingeboude geheue het wat afgelei is van vorige vorms van 'n soortgelyke aard. Die lewer se veld is gevorm deur die vorms van vorige lewers en die eikeboom se veld deur vorige eikebome. Deur middel van 'n proses bekend as morfiese resonansie, die invloed van soort op soort, is daar 'n konneksie tussen soortgelyke velde. 'n Veld se struktuur het dus 'n kumulatiewe geheue, gebaseer op wat in die verlede gebeur het. Die idee geld ook vir proteïenmolekules, kristalle, en selfs atome.

Daar is inderdaad gevind dat, hoewel nuwe chemiese verbindings oor die algemeen baie moeilik is om te kristalliseer, hulle met tyd, namate kristalle wel suksesvol gevorm word, makliker kristalliseer, en makliker dwarsoor die wêreld.

Net so behoort rotte wat met moeite in Kaapstad 'n nuwe toertjie bemeester, dit vir rotte in Pretoria makliker te maak om dieselfde toertjie aan te leer omdat hulle almal rotte is en via dieselde morfiese veld verbind is. In sy boek, *A New Science of Life*, beskryf Sheldrake eksperimente wat ondersteuning vir sy teorie bied.

### **. Ons kap die stel in stukke en... die beelde verdwyn**

Dink, vra Sheldrake, aan die beelde op 'n televisieskerm as die vorm van 'n organisme. As ons nie geweet het hoe die beelde gegenerer word nie, sou die naïefste verduideliking wees dat daar klein televisiekaraktertjies binne die stel is. Maar soek ons na hulle, vind ons niks. Ons kan spekulêr dat die klein mensies mikroskopies is en in die bedrading is. Maar knip ons al die drade uitmekaar, is hulle ook nie daar nie.

Nou mag ons subtiel raak en reken dat die mensies op die skerm eintlik verrys uit komplekse interaksies tussen dele van die stel wat ons nog nie verstaan nie. Ons kap die stel in stukke en... die beelde verdwyn. Nadat die stukke weer aanmekaar gesit is, is hulle terug. En die verwarring duur voort.

Volgens Sheldrake is dit die futiele benadering van moderne biologie wat alles probeer verduidelik met wat 'daar binne' aangaan. In der waarheid is die ontwikkeling van vorm die resultaat van beide die interne organisasie van die organisme en die interaksie met die morfiese veld waarop dit ingeskakel is. Mutasies kan gesien word as foute in die hardeware wat veroorsaak dat die veld nie behoorlik 'opgevang' word nie, of dat die verkeerde een opgevang word.

In die groeiende lys van inligting-gebaseerde verskynsels soos hologramme, kwantumeganika en genetika sal morfogenetiese sagteware wat op genoom-gekodeerde hardeware werk, verdere ondersteuning bied vir 'n gesimuleerde heelal.



**Rupert Sheldrake**

Meer hieroor, volgende keer!

# AGTEROS:

## NET VOOR UITSPANTYD



# LEEUJAG

**B**ehalwe lat hy 'n storieverteller was, was oorle oompie Doors ook 'n stamboom mens sonder gelyke

Snuffel hy stamboomwortels uit erger as 'n ystervark in 'n aartappelland.

Loop grou die ou familie doer diep in oorle Herman Charles Bosman se wêreld uit. Groot Marico.

Blykbaar aan oorle Oupa Hennerik se ma se kant. Viljees. Boer jare oer gelede langs Maricorivier. Toe die wêreld nog jonk was, vertel die ou.

Loop staan en maak oorle Groot Oupa Viljee, Frans Ketel was sy bynaam, een Dingaansdag hele span Viljees en al wat aangenaide familielappe is bymekaar. Kamp die hele plaaswerf vol. Geheel en al gewyde ding die.

Vroemôre skop feesgangers af met kerkdien. Reken oompie Doors lat seker tweehonderd-en-agtien osse moes gesterf het om die span stoeltjies wat op daai werf staangemaak was te beriem. Huldig hulle die helde. Uit die Groot Boek, geheel en al met sang en gebed. Hooghollangs daai tyd. Raak sommige anties skoon tranerig van meeewing - komplete asof hulle met daai bakleiery self voorlaaiers help laai het.

Resiteer die spul Geloofte agter die prediker aan.

## Sleep kanne stamvrug mampoer nader...

Politiekerig ook. Volksraadslid kom gooi sy eie sewe sakke stuiwers in die armbeurs. Práát die kêrel. Reken oompie Doors, praat daai ou twee-en-half uur se diep riempie-mote in daai bank rustelose stêre in. Sluit span af met "Ken gij het volk so hoog beneukt" vertel die ou. Toe's dit al laatmiddag.

Dapperheid en oorwinnings word nie net gehullig nie. Gevier ook. Maak staanvure. Sleep kanne stamvrug mampoer nader. Heildronk op heildronk. Later amper huiltronk op huiltronk vertel Oompie. Bekers omhoog op amper elke skoot wat geskiet was en op elke Zoeloe wat geval het! Een oom laat drink sommer op die pête wat in die skietery uitgebreek het ook.

Skemeraand kom hol Salmon, een van die plaaswerkers, feeskring binne. Skrou soos 'n vlakvark wat se knaters in 'n slagyster vasgeslaan is. Iets van "Daai groot kat, hy es by die beste se kraal ingespreng!"



Babelse verwarring. Geheildronkte geloftemanne loop staan saam soos doopouers. Gryp roere, sambokke, pikstele, kieries, hooivurke en al wat anner steek- en moergoed is. Anties kerm en keer. Skrou dinge soos "O jirretjie vanaand vreet leeu se kind julle spul dronkgatte sommer sit-sit op" en "Vanaand loop staan veranner Maricorivier se naam sommer opslag in Bloedrivier!" Party anties loop sak kappieloos op knieë neer en beginne solank die wesies, weduwees, verminktes, half opgevretenes en heeltemaal verorberdes aan die Liewen Heer opdra.

Sit juigkommando af kraal toe. Mediese ordonnans met kruiwa gelaai met vier kanne mampoer vir noodhulp agterna. Eerste ongeval skaars tien treë van begin van opmars af. Oom Hakkel Frikkie Boshoff. Slinger uit die voerkamer met gaffel omhoog. Wou blykbaar nog skrou "Halt. Werda!" Klink daai "hhhha... aaa.... hhh aaaalt" vir oorle oom Dowe Dolf Gouws alteveel soos 'n jong leeu se "Haaauuu" Loop staan en slaan hy vir Hakkel Frikkie desmoers met 'n skei wat hy so in die verbyhol by 'n wa loop staan en opkommandeer het. Vertel oompie Doors, "Toe daai skei klap, toe steier Frikkie terug en loop hang homself in 'n haak-en-steek op. Voete so ses duim vannie grond af. Kyk daai man se oë oormekaar laat dit lyk sy regteroog se trane loop drup in sy linker bosak in! Swinker as 'n kat , ou Swaer, swinker as 'n kat"

## Frans Ketel op sy hakke met 'n ou Lee Metford...

Hol een vannie vegters heelvoor met die skietlamp. Lantern aan 'n ag-span ossweep se stok vasgemaak. Soos by Bloedrivier. Frans Ketel op sy hakke met 'n ou Lee Metford. Koeël innie loop. Loop stop in hulle spore by takkraal se hek. Soos die Egiptenaars destyds toe die Rooi See hier voor hulle kom deur toeklap.

Oompie Doors sê toe's daai kraal deurmekaarder as katkots in 'n botterkarring. Loop van daai beeste sommer bo-op mekaar. Bulk-skrou benoud. Daar waar die skietlamp nie kan bykom nie, sien jy innie donker die wille wit uitpeuloë vannie stomme goed.

Val daai skietlamp se lig op die jokkie. Maanhaar sit wydsbeen op 'n os se rug. Stuur hom rond met al sy tanne in sy skof vasgekap. Verloor daai os sommer sulke strepe groenvoer soos hy hol en bokspring. Kol-kol as hy so heserig jodel, sien jy net klonte herkousel spat. Vertel Oompie.

"Skiet! Skiet!!" skrou die ligdraer. Slinger Frans Ketel twee skote kort opmekaar die duisternis in. Eerste een vang 'n jong tollie tussen die oë. Slagoffer nommer twee. Tweede skoot tref die sweepstok. Val lantern op 'n hoop droë kaf. Spreilig opslag die hele wêreld helder. Breek beeste deur die takkraal. Streep donkerte in. Maanhaar en sy ryding inkluis.

Besluit maanhaar om van ryding te verander. Skop voete uit stiebeuels en skroef kake los. Gat oor kop. Vlie daar op en maak vir die ambulans. Vlie kruiwadrywer in sy spore om. Hol omkyk-omkyk. Hol maanhaar hom in. Maanhaar se spring en noodhulpkan se gooi sommer so een ding. Breek daai kan teen maanhaar se kop. Buig daai mampoerslag sy kompas opslag. Verander hy van gedagte en koers. Plaaswerf toe. Hol kruiwadrywer nog so twinrig treë aan. Steek kruiwa se kop in die leivoor vas. Vat mediese ordonnans en twee kanne noodhulp amper tien treë verder grond. Ordonnans se kersie flikker twee keer. Verval in 'n floute met gebreekte sleutelbeen en al. Derde slagoffer.

Haal Oompie eers kakiesakdoek uit om die storie af te droog en vervat.



"Daai bemoerde leeu vat pad plaaswerf toe. Biddende anties maak oop soos Rooi See van ouds nadat oorle Moses al sy drif met 'n stok oppie water loop staan en uitslaan het. Hol daai leeu droogvoets reguit in die voerkamer in. Vlie een vannie anties op. Hope teenswoordigheid van gees onder daai kappie bymekaar gehad. Hol en grennel die deur agter hom toe. Ou Swaer, toe's daai kat skuins bemoerd. Loop en verniel al wat sak vol hooi en mielies is. Lag soos 'n hiëna, brul kort-kort soos 'n leeu, sis soos 'n pofadder, pie sulke boë soos 'n mannetjieskat in Augustus en kou die tuie wat daar hang soos pruimtwak!

So kom slinger die juigkommando die werf binne. Beangs oor die slagting wat hulle verwag. Praat anties en kinnertjies almal gelyk. Beduie in alle windrigtings. Raas en kwetter soos 'n spul sprees in 'n vyeboom. Skiet oupa Frans Ketel hulle met twee Lee Metford skote tot grafswygenis. Stilte val soos 'n satyn bloemer op daai werf neer.

Kom Hakkell Frikkie dronk-dronk voerkamer se kant toe. Gat vol haak-en-steek dorings. Moes daai leeu seker trillings van tweehonderd velskoene aangevoel het, want raak hy van vooraf histories bedonnerd.

Gaan kniel 'n hele linie manne met skietgoed versigtig vyftig treë van die voerkamerdeur af. "Vvuu..vvvuu.....uuuuu....rrrrr,mmmm ...manmanmanmanne!" beveel Frikkie.

"Ou Swaer, oordeelsdag se moer. Daai hoop manne loop staan en skiet asof die hele Ingilse leërmag hulle aan't oorvalle is. Mampoer loop neuk nog boonop die visiere deurmekaar. Skootsvak so wyd soos die Liewen Heer se genade. Skiet die span gekletterde skuts geute desmoers, val sulke hompe klei en roubaksteen uit die muur en loop staan en raak daai voerkamer se deur 'n hopen fyn hout. Fyner as snuif. Lyk of vierduisend honger boorkewers daai planke bespring het"

## Sluip die manne versigtig nader. Lantern in die hand.



"Ou Swaer, toe't hulle in daai kamer in lig, kos dit vir hulle daai maanhaar met twee harke en 'n werfbesem loop staan en bymekaar maak. So flinters geskiet dat hulle daai hele leeu se oorblyfsels in 'n gelling roomkannetjie loop versamel. Toe lê hy nog so vier duim van die bek af. Plek so beverf met leeumis, lat daai plaashonne vir twee jaar by die bure loop loseer het voorlat hulle so pie pie die werf binnegesluip het."



Daai tyd toe breek die dag net-net. Anties wil nog koffie en suikerwater aanbied. Weier die vegters opstuk. Tou af na die leivoor se kant toe. Loop maak hulle daai twee kanne noodhulp bymekaar. Behandel almal wat voorkom. Of hulle nou gekwes, ongedeerd, beskrik, beskryt of net winddronk is. Behandel word hulle behandel. "Smaak my g'n kryger het daai oggend ongedeerd by die kruiswa saamgekom nie. Sommige ouens het net meer behandeling ontvang as wat nodig was, maar nie een het protesteer nie" vertel oompie Doors.

Teen aguur se kant toe staan daai manne kring om die roomkannetjie. Maak daar 'n Leeugelofte wat g'n Christenmens op papier kan loop staan en sit nie. Verklaar opstuk die 17de Desember as Tweede Dingaansdag. Vertel oompie Doors jy kan nou nog teruggaan plaas toe. Al die takke van die stamboom kom nou nog die 17de bymekaar om te huldig en te skink.

En, "O ja", loop maak die ou die storieboek toe, "en die dag voor die eerste herdenking van die Leeugelofte, toe loop maak oorle Oupa Frans die laaste van sy weghol beste bymekaar. Elf van hulle. In Dwaalboom se omgewing. Bewe hulle nogsteeds van skone senuwees"

André Dippenaar, 12 September 2008

**KAMMANUUS KOM DAREM WEER VOLGENDE MAAND UIT (as daar stories is)**